LINDENNUUS

1 September 2017

SVLR 2018

Die SVLR en dagbestuur vir 2018 is hierdie week ingehuldig. Weereens baie geluk aan elkeen van ons leiers. Dit is 'n voorreg om Hoërskool Linden se dagbestuur vir 2018 aan te kondig:

Hoofseun: Riku Botha
Hoofdogter: Kate de Wet
Onderhoofseun Kultuur: Marco Oosthuizen
Onderhoofdogter Kultuur: Lindi van der Merwe
Onderhoofseun Sport: James Harris
Onderhoofdogter Sport: Liesbet Greyling
Onderhoofseun Sosiale sorg: Conrad Kruger
Onderhoofdogter Sosiale sorg: Mia Schutte

Baie sterkte met die taak wat vir julle voorlê.

Ons sê in dieselfde asem totsiens en welgedaan aan 2017 se dagbestuur: Christiaan Smit, Ann Snyman, Miné Gouws, Kyle Whithers, Wian de Lange, Lumè Botha, Ruan van der Merwe en Mia de Beer. Mag dit met julle goed gaan!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Programming Olympiad

Die Inligtingstegnologie-leerders het in die week van 14 Augustus die landswye aanlyn Programming Olympiad geskryf (oftewel geprogrammeer). Hoërskool Linden se leerders het weereens baie goed gevaar.

65 leerders het aan die olimpiade deelgeneem waarvan 31 in die top 29% van die land se deelnemers presteer het en 20 kwalifiseer om aan die tweede ronde deel te neem.

Die volgende leerders het 100% vir die olimpiade gekry, behaal 'n GOUE toekenning (top 7% van alle deelnemers) en dring deur na die volgende ronde:

Stephan Gleisberg (gr.10)
Raymond Boonzaier (gr.11)
Marco Oosthuizen (gr.11)
Nelis van der Lingen (gr.11)

Die volgende leerders ontvang SILWER (top 14% van alle deelnemers) in hulle kategorie en dring ook deur na die tweede ronde:

Wouter Taljaard (gr.10)
Dayna Vos (gr.10)
Conrad Kruger (gr.11)
Matthew Townsend (gr.11)
Janko Badenhorst (gr.12)
Mikhail Fourie (gr.12)

Die volgende leerders ontvang BRONS (top 29% van alle deelnemers) in hulle kategorie en sommiges dring deur na die volgende ronde*:

Sebastian Marnewick (gr.10)*
Ruan van der Spoel (gr.10)*
Gustav van Tonder (gr.10)*
David Grunewald (gr.10)*
Marnes Vorster (gr.11)*
Jeanré Du Plessis (gr.11)*
Chrisjan Hattingh (gr.11)*
Hugo Hendrikse (gr.11)*
Jana Ferreira (gr.11)*
Divan Meyer (gr.11)*
Dylan Middleton (gr.11)*
Sa'ad Badat (gr.12)*
Justin Vermaak (gr.12)*
Ivan Cuyler (gr.12)*
Ben Louw (gr.11)
Marc Rennison (gr.11)
Fernando Fourie (gr.11)
Michelle van de Venter (gr.11)
Janco van Eeden (gr.11)
Leton Nel (gr.11)
Jacqueline van der Bergh (gr.11)

Die volgende ronde word op Woensdag, 6 September, aanlyn by die skool in die rekenaarsentrum afgelê. Indien die leerders hierdie ronde suksesvol voltooi, sal hulle genooi word om in Kaapstad aan die finale ronde deel te neem. Daar staan hulle 'n kans om groot kontantpryse en studiebeurse te wen. Ons hou vir hierdie leerders baie sterk duimvas!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

SPORT

Atletiek kry 'n splinternuwe baadjie

Onder die wakende oog van die bekende atletiek- en kondisioneringspesialis, Les Archer, het Linden Atletiek die seisoen van stapel gestuur. Les het meer as 25-jaar ondervinding in atletiekafrigting (van laerskole- tot op internasionale vlak). As ervare sportontwikkelings-spesialis, kom deel Les nou sy wye kennis met Lindenatlete.

In dié projek word Les bygestaan deur verskeie professionele atlete, asook ons eie personeellede.

Organseerders:
Luvan Viljoen en Dané van der Linde

Afrigters:
Gewigstoot: Benno Lourens
Hoogspring: Melissa Wallace & Shaun Jackson
Verspring: Leandie Maritz
Hekkies: Anton Bouwer
Naelope: Leandie Gerber
Langafstande: Werner Beneke & Maryke du Plooy
Spiesgooi: Hennes De wet & Anthony Engelbrecht
Skyfwerp: Pieter vd Merwe

Linden is opgewonde om in die wegspringblokke te staan met so 'n gerekende kenner en organiseerders. Dit is nie net ons eie atlete wat baat by hierdie inisiatief nie, maar ook leerlinge uit die plaaslike gemeenskap. Laerskool-atlete en amper-Lindeniete (Gr.6 en 7's) is meer as welkom om nou reeds by Linden Atletiek in te skakel en saam te kom oefen.

Vir meer inligting, kontak die skoolkantoor by 011 888 1433 en gesels met Luvan Viljoen of Dané van der Linde, of stuur 'n epos aan bemarking@linden.co.za.

Atletiekprogram

Item	Tye	Maandae	Dinsdae
Naellope	14:30 tot 15:30	X	X
Hekkies	15:30 tot 16:30		X
Middelafstande	14:30 tot 15:30	X	X
Verspring	14:30 tot 15:30	X	
Hoogspring	14:30 tot 15:30		X
Spiesgooi	14:30 tot 15:30		X
Diskusgooi	14:30 tot 15:50	X	
Gewigstoog	14:30 tot 15:30		X
Kondisionering	14:30 tot 15:30	Naellope en hekkies	Worpe

KULTUUR

Lindenkoor 2017/2018-Oudisies

Dit het 'n tradisie by Lindenkoor geword om 'n leerder in sy of haar graad 7-jaar te nooi om in kwartaal 4 deel te word van die koor by Hoërskool Linden. Inligting ten opsigte van die oudisies is soos volg:
Datum: Dinsdag 19 September 2017
Tyd: 17:00 – 18:30
Plek: Cor Dirks-saal, Hoërskool Linden

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Leerders hoef geen liedere vir die oudisie voor te berei nie. Die oudisie behels slegs ‘n stem, musikale gehoor- en geheue-toets.

Vir enige navrae skakel gerus die koorleier, mnr. Duncan Fourie, by 072 210 2305.

SOSIAAL

Wildsfees ….Baie dankie!

Baie dankie aan elke ouer, personeellid, leerder en Oud-Lindeniet wat die Wildsfees ondersteun het. Dit was ‘n reuse sukses en ‘n heerlike kuieraand saam met ou- en nuwe vriende. Baie dankie vir elke skenking en bydrae wat gemaak is en vir elkeen wat Hoërskool Linden op hulle harte dra.

Soveel mense se spore en 70-jaar se tradisies en stories lê diep by die Hoërskool Linden. Dankie dat julle dit saam met ons koester terwyl ons bly voortbou op ons toekoms. Ons maak volgende jaar weer so!

Fotos:
Dawid Roux Photography het foto’s van Wildsfees 2017 geneem. Gaan kyk gerus op **http://photo-orders.com**. Dalk sien jy jouself ook daar. Foto-bestellings kan direk by Dawid Roux geplaas word.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

ADVERTENSIES

UITSTEKENDE GELEENTHEID VIR DIE FISIESE WETENSKAPPE EN WISKUNDE LEERLINGE

Die skool is deur YouCanDoScience en YouCanDoMaths genader om pryse tydens die Akademiese Prysuitdeling te borg.

YouCanDoScience:

Om die graad 10 en 11 leerders te motiveer om hard te werk gaan YouCanDoScience ‘n prys skenk vir die graad 10 en 11 leerder wat die beste vordering gemaak het in Fisiese Wetenskap.
Die prys behels ‘n geskenkbewys vir die leerder om vir ‘n volle jaar te kan inteken op die YouCanDoScience program ter waarde van R1080.00.
Vir meer inligting oor die program kan u gerus die webblad www.youcandoscience.co.za besoek.
Ons dank aan Linda Marais van YouCanDoScience

YouCanDoMaths:
Pryse vir die Graad 8, 9, 10 en 11 leerders wat die beste vordering in Wiskunde getoon het.
Die prys behels 'n geskenkbewys om die YouCanDoMaths program vir 'n jaar te gebruik.
Die waarde van die prys is tans R1080.00.

Vir meer inligting besoek gerus hulle webtuiste by www.youcandomaths.co.za

Ons dank aan Gerda van der Merwe van YouCanDoMaths

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.